

vooral na afloop van het gevecht, dat op een volkomen overwinning voor de Transvalers was uitgelopen, in hulle gelederen permanent was gebleven.²⁰²

In die amptelike verslae van Boeregeneraals en -kommandante oor hulle geslaagde krygsoperasies het Engelenburg vergeefs gesoek na, onder sulke omstandighede, verskoonbare trompetgeskal. Ewemin het hy trompetgeskal en uitroepe van “hoera!” van die kant van die Boere op die slagveld gehoor. Krygsgevangene het hulle nog ontbreek. Die enigste bron van krag waaruit hulle, miskien onbewus, geput het, was uit gebed. Engelenburg het waargeneem dat die Afrikaners baie terughoudend was met uiterlike blyke van selfvertroue. Psigiese selfopwinding was vir hulle vreemd en hulle het ewemin gesoek na vooraf versterking vir die geveg in die gebruik van alkoholiese drank, soos wat die geval was by byna alle ander “beskaafde” leërs.²⁰³

Ná die Slag van Colenso het De Villebois-Mareuil en Galopaud die stelling by Ladysmith besoek en op 21 Desember het hulle weer eens na Colenso gegaan. Hulle het weer vir Engelenburg gesien, wat saam met hulle in die kamp by die Tugela was. 22 Desember was sonder militêre aksie en De Villebois-Mareuil het die tyd benut om ’n lang gesprek te voer met Engelenburg, wat aan hom interessante inligting oor die gewoontes van Boerefamilies verstrek het.²⁰⁴ Die namiddag van 28 Desember het Engelenburg en Galopaud na Pretoria vertrek,²⁰⁵ waar hulle op Nuwejaarsdag 1900 aangekom het. Engelenburg was

... nu hier om een beetje by te komen en de gestoorde ingewands-arbeid te herstellen.²⁰⁶

De Villebois-Mareuil het hom toe na die Vrystaat begewe. Hy is te Kroonstad tot generaal bevorder en met ’n klein kommando wat hy versamel het, het hy oos van Kimberley geopereer. In Maart 1900 is die sogenaamde tweede Hollanderkorps opgerig, in werklikheid ’n vreemdeling-

²⁰² F.V. Engelenburg, “Oorlogs-indrukken van de Editeur I”, *De Volksstem*, 16.12.1899.

²⁰³ F.V. Engelenburg, “Oorlogs-indrukken van de Editeur I”, *De Volksstem*, 16.12.1899.

²⁰⁴ G.H.A.V. de Villebois-Mareuil (vertaal deur J. Rossouw en D.P.M. Botes), *Oorlogsdagboek van veggeneeraal De Villebois-Mareuil*, p. 29.

²⁰⁵ G.H.A.V. de Villebois-Mareuil (vertaal deur J. Rossouw en D.P.M. Botes), *Oorlogsdagboek van veggeneeraal De Villebois-Mareuil*, p. 38.

²⁰⁶ NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 17.01.1900.



Illustrasie 35: F.V. Engelenburg agter die kamera op die slagveld by Ladysmith, 1899.
 Foto: NZAV-argief, Amsterdam, G.H. Mulder-fotoversameling. (GH Mulder was
 hoofarts tydens die ABO en werksaam by die Transvaalse Rooikruis.)



Illustrasie 36: Verkyker en sak, waterbottel en stiebeuels wat Engelenburg tydens die
 Anglo-Boereoorlog gebruik het. Bron: Engelenburghuis, Pretoria,
 Engelenburgversameling.



Illustrasie 37: 'n Trein van die NZASM wat ingerig is as ambulanstrein op die slagveld tydens die Anglo-Boereoorlog. Bron: Engelenburghuis, Pretoria. Verkry van glasplaatjie-negatief.



Illustrasie 38: Januarie 1900. Gewonde boeresoldate uit Colenso, Natal word uit 'n ambulanstrein gehaal. Foto-versameling, NZAV, Amsterdam.

legioen onder bevel van De Villebois-Mareuil.²⁰⁷ Ook hierdie vrywilligerskorps het egter spoedig tot 'n einde gekom. Op 5 April 1900 is De Villebois-Mareuil se mag van 50 Nederlanders en 25 Franse deur lord Methuen naby Boshoff in die Vrystaat verslaan. De Villebois-Mareuil en 'n groot aantal manskappe het gesneuwel en die res is krygsgevangene geneem.²⁰⁸

Engelenburg terug in Pretoria

Teen Januarie 1900 was Engelenburg nog vol moed dat die oorlog bevredigend vir die Boere sou afloop.²⁰⁹ Aan Leyds se vrou, Louise, het Engelenburg geskryf dat hy van die aanvang van die oorlog af die veldtog meegemaak het, eers by generaal Joubert, later op eie geleentheid, dan weer met die een of ander kommando. Sedert sy terugkoms van die slagveld het hy baie hard by die *De Volksstem*-kantoor gewerk. Die meeste van die joernaliste was uit na die slagvelde in die Vrystaat en ander na Colesberg. Engelenburg het nie 'n idee gehad hoe lank die oorlog nog sou aanhou nie.²¹⁰ Teen die end van 1899 was Pretoria in beroering toe dit rugbaar geword het dat sekere Britse winkeleienaars wat voor die oorlog verlof ontvang het om in die stad aan te bly, via hulle Durban-takke geldelike hulp aan 'n vrywilligerkorps in die Britse leër verskaf het. Teen middel Desember was dit duidelik dat die gerugte waar was.²¹¹ Engelenburg het die hele saak in Februarie 1900 in *De Volksstem* ontbloot en in 'n ope brief aan die bestuurders van Henwood, Son & Soutter en T.J. Rodda verklaar dat hy geen verdere sake met hulle sou doen tot tyd en wyl die drie bestuurders hulle onskuld kon bewys nie.²¹²

Op 20 Februarie 1900 was Engelenburg nog in Pretoria en het hy aan staatsekretaris F.W. Reitz geskryf dat, indien *De Volksstem* kon ophou om te verskyn, hy en drie of vier van die

²⁰⁷ W. van Everdingen, *De oorlog in Zuid-Afrika: tweede tijdvak*, deel II, Maart 1900 – Julie 1900, p. 147.

²⁰⁸ W. van Everdingen, *De oorlog in Zuid-Afrika: tweede tijdvak*, deel II, Maart 1900 – Julie 1900, pp. 154-155.

²⁰⁹ NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 17.01.1900.

²¹⁰ NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – L.W.S. Leyds, 17.01.1900.

²¹¹ NASA, Pretoria, LA, vol. 681, Secretary of Committee for reviewing British permits – State Secretary, Pretoria, 13.11.1899.

²¹² Redaksionele kommentaar, “Een ander pad I”, *De Volksstem*, 24.02.1900; Redaksionele kommentaar, “Een ander pad II”, *De Volksstem*, 26.02.1900.

koerantpersoneel hulle beskikbaar sou stel vir krygsdiens. Hy het egter gereken dat die voortsetting van die koerant van groter staatsbelang geag word as hulle teenwoordigheid in die Transvaalse leer. Indien die staatspresident en staatsekretaris sou besluit dat *De Volksstem* moes voortgaan, was dit noodsaaklik dat hy saam met die drie- of viertal persone in Pretoria bly.²¹³ Behalwe die koerant wat in Pretoria uitgegee is, het *De Volksstem* voortgegaan om deur middel van die oorlogskorrespondente nuus van die oorlogsfront aan die volk te verskaf. Waarskynlik het Reitz gemeen dat Engelenburg beter diens aan die regering kon lewer deur te sorg dat *De Volksstem* elke dag met die nuutste oorlogsnuus verskyn, want Engelenburg het nie weer na die oorlogsfront teruggekeer nie.

Aan die einde van Februarie 1900 het president Kruger Engelenburg na sy huis ontbied. Jare later het Engelenburg sy herinneringe oor dié nag neergeskryf:

Gedurende die nag van 26 op 27 Februarie 1900 hoor ek, omtrent twee uur, op myn voordeur klop! 'n polisie-konstabel (sic) bring die boodskap dat die President my onmiddelik (sic) in sy woning verlang. Dis Piet Cronjé se oorgawe, was dadelik my gedagte.²¹⁴

Engelenburg het dadelik na Kruger se huis gegaan en die president langs 'n groot ronde tafel in die verste gedeelte van sy groot ontvangskamer aangetref. H.C. Bredell, sy sekretaris, het ook daar gesit en lees en telegramme by die lig van 'n paar kerse geskryf. Sonder om 'n woord te sê het Kruger 'n handvol papiere na Engelenburg geskuif, alles oor die Paardeberg-tragedie. Toe Engelenburg klaar gelees het, het Kruger hom, wat toe byna die enigste redakteur aan Boerekant was, versoek om die nuus van die onafwendbaar geworde Cronjé-ramp nie onmiddellik in sy ganse omvang wêreldkundig te maak nie,

... dog met inagneming van geleidelike oorgange tot die naakte waarheid; want daardeur sal moontlik 'n wanhoops-psigose by die publiek voorkom word.²¹⁵

Daardie nag het Kruger 'n moeilike taak aan Engelenburg opgedra wat hy moes oorweeg. Hy het ook geskryf dat Kruger aan alles moes dink. Kommandant-generaal Piet Joubert was siek – hy is

²¹³ NASA, Pretoria, TAB, SS, 8373, R5197x/100, F.V. Engelenburg – F.W. Reitz, 20.02.1900.

²¹⁴ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 15, Herinneringe soos opgeteken deur F.V. Engelenburg, datum onbekend.

spoedig daarna oorlede en staatssekretaris Reitz was kort in sy nuwe amp en nog onervare. Van Kruger het elkeen bevele of inspirasie verwag. Kruger het die een teenslag ná die ander kalm en moedig gedra. Sy toespraak op 7 Mei 1900 by die Volksraadvergadering het van onverfloude energie getuig. Stadigaan het die toestande in die land donkerder geword, wat groter sorge, arbeid en verantwoordelikhede van Kruger geëis het. Engelenburg het geskryf dat Kruger se vertrek uit Pretoria aan die einde van Mei 1900 en sy patetiese verblyf te Machadodorp sy energie en gesondheid 'n groot terugslag gegee het. Hy het langsaam van die skok herstel, sonder dat hy sy vroeëre energie ooit weer herwin het. In die geredigeerde *Gedenkskriften* van H.C. Bredell en Piet Grobler is die krisis opgeteken en soos volg beskryf:

De eerste dagen van Junie behooren tot de somberste van Kruger's geschiedenis.²¹⁶

Engelenburg het gehoor gegee aan president Kruger se versoek dat hy die nuus omtrent generaal Cronjé se oorgawe geleidelik aan die gemeenskap deurgee. Op 5 Maart het Engelenburg 'n berig in *De Volksstem* geplaas dat daar nog onsekerheid bestaan het of generaal Cronjé gevange geneem is.²¹⁷ Hy het 'n tweede berig daardie dag geplaas dat onsekerheid bestaan het of dit wel generaal Cronjé was wat oorgegee het. Daar was ander burgers met dieselfde van, soos kommandant Andries Cronjé of veggeneraal Cronjé van Winburg. Dit kon een van hulle gewees het.²¹⁸ Die waarheid omtrent die lot van generaal Cronjé het hy bietjie vir bietjie aan die publiek deurgegee. Twee dae later het hy die nuus verder gebreek dat dit wel generaal Cronjé en sy kommando was wat oorgegee het, dat hy met sy mense tot die uiterste weerstand gebied het teen die vyandelike oormag en dat dit op sigself 'n eervolle gebeurtenis was.²¹⁹

Engelenburg het op 8 Mei weer 'n ernstige beroep op die burgers gedoen om voort te veg. Elke Transvaler was voor God verplig om sy "roer" te vat en sonder aarseling te doen wat hy in volle

²¹⁵ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 15, Herinneringe soos opgeteken deur F.V. Engelenburg, datum onbekend.

²¹⁶ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 15, Herinneringe soos opgeteken deur F.V. Engelenburg, datum onbekend.

²¹⁷ F.V. Engelenburg, "Generaal Cronjé. Gevangen of niet?", *De Volksstem*, 05.03.1900.

²¹⁸ F.V. Engelenburg, "Generaal Cronjé's lotgevallen", *De Volksstem*, 05.03.1900.

²¹⁹ F.V. Engelenburg, "Een kommando van helden", *De Volksstem*, 07.03.1900.

erns belooft het, naamlik om vir die ZAR te stry tot die laaste. Engelenburg het geweet dat die Afrikanergemeenskap se godsdienssin sterk was en hulle aangemaan dat

[d]e straf Gods ons (zal) treffen wanneer we in de ure van gevaar de handen slap laten neer leggen.²²⁰

Ongeveer 'n week later het hy 'n laaste beroep op die Boere gedoen om hulle eer te handhaaf en te veg tot redding opdaag en hulle hul hoofde fier kon lig, dankbaar vir die weldade waarmee die Opperwese hulle seën.²²¹

As politieke nuusblad het *De Volksstem* sedert 1889 veel daartoe bygedra om die hande van die regering te sterk. As mondstuk van die regering het die koerant sy invloed laat geld ten einde die burgers om die regering te skaar en te staal vir die onverbiddelike stryd wat hy teen oorweldigende magte moes voer. Deur sy optrede het die blad steeds nader aan die hart van die mense gekom en die feit dat *De Volksstem* tydens die Anglo-Boereoorlog staande gebly het totdat alle bestaansmoontlikhede hom ontnem is, bewys dat dit die vertroue van beide regering en die publiek geniet het. Nieteenstaande al sy gebreke het *De Volksstem* gedurende die dekade voor die oorlog 'n waardevolle bydrae gelewer tot die bou van die Afrikanervolk.²²² *De Volksstem* het tot 4 Junie 1900 staande gebly. Toe die Britte Pretoria op 5 Junie inneem, is publikasie van die koerant gestaak. P.G. Badenhorst beweer dat *De Volksstem* se laaste uitgawe op 15 Mei 1900 verskyn het en dat dit toe van die toneel verdwyn het tot ná die Anglo-Boereoorlog.²²³ Dit is foutief omdat die laaste uitgawe op Maandag 4 Junie verskyn het. Dit is op mikrofilm by die Universiteit van Suid-Afrika en ook by die Nasionale Biblioteek in Pretoria beskikbaar.²²⁴

Engelenburg het homself as 'n permanente inwoner van die ZAR gesien ongeag die uitslag van die oorlog. Terwyl hy in Pretoria was, het hy die kans benut om 'n derde erf (erf 648) by die

²²⁰ Redaksionele kommentaar, “De wil des volks”, *De Volksstem*, 08.05.1900.

²²¹ Redaksionele kommentaar, “Gewapend verzet volhouden!”, *De Volksstem*, 17.05.1900.

²²² Redaksionele kommentaar, “Zieltogerij”, *De Volksstem*, 23.08.1899; Redaksionele kommentaar, “Monnikenwerk”, *De Volksstem*, 26.08.1899; Redaksionele kommentaar, “Klare wijn”, *De Volksstem*, 30.08.1899; Redaksionele kommentaar, “De lendenen omgord”, *De Volksstem*, 09.09.1899. Sien ook P.G. Badenhorst, Die geskiedenis van ‘De Volkstem’ 1873-1900, p. 58.

²²³ P.G. Badenhorst, Die geskiedenis van ‘De Volkstem’ 1873-1900, p. 58.

weduwee Ziervogel te koop vir die bedrag van £300. Hy het heelwat minder betaal as vir die aangrensende twee erwe wat hy in 1898 gekoop het. Engelenburg se huis sou later op hierdie derde erf verrys, wat hoër as die ander twee erwe gelê het. Hy het sekerlik nie die moontlikheid geïgnoreer dat Brittanje die oorlog sou wen nie en het genoeg vertroue in die land en die toekoms gehad dat hy bereid was om verder in eiendom te belê. Die transportakte (nr. 7/1900) vir die derde erf is op 28 Februarie 1900 op sy naam geregistreer. Die drie erwe het gestrek van die huidige Ziervogelstraat aan die suidekant, die huidige Hamiltonstraat aan die weste- en Quarrystraat (vandag Edmondstraat) aan die noordekant. Die oostelike deel van die boonste erf het gegrens aan 'n gedeelte van die stuk grond wat die owerheid agt jaar later, in 1908, teen £35 000 aangekoop het vir die aanlê van die Uniegebou se tuin.²²⁵

In 'n vorige hoofstuk is gemeld dat Engelenburg voor die oorlog geld by Leyds geleen het om die eerste twee erwe te koop. Op 17 Januarie 1900 het Engelenburg 'n tweede paalement van £200 plus £54 rente in Leyds se bankrekening inbetaal op die geld wat hy geleen het. Drie maande later het hy £1 000 plus rente aan Leyds oorbetal. Hy het daarna nog £600 geskuld. Hy het geredeneer dat dit in die omstandighede vir hom beter was om die geld op 'n veiliger plek te plaas en sy skuld so klein moontlik te hou. Later, wanneer die oorlog verby was, kon hy 'n nuwe transaksie met Leyds aangaan indien laasgenoemde nie die geld al gebruik het of elders belê het nie.²²⁶ Op 4 April het hy laat weet dat hy die res van die geld, naamlik £600 plus die verskuldigde rente op 1 Mei 1900 aan Leyds sou oorbetal. Hy het gemeen dat Leyds die geld beter as hy self kon gebruik, daarom die versnelde afbetaling van die £600 in plaas van die ooreengekome £200 paalement. Engelenburg het Leyds ook gelukgewens met sy verjaardag met die volgende woorde:

Houd u taai en vergeet niet dat, wanneer het hart jong blijft, er geen ouderdom bestaat.²²⁷

Die oorbetalings van die £600 het nie geskied nie. Omstandighede was moeilik gedurende die laaste dae voor die Britte Pretoria ingeneem het en Engelenburg het waarskynlik nie die

²²⁴ *De Volksstem*, Unisa, Mikrofilm FI 3009, 23.11.1898 – 13.06.1903.

²²⁵ T. Andrews en J. Ploeger, *Street and place names of old Pretoria/Straat- en plekname van ou-Pretoria*, p. 73.

²²⁶ NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 26.04.1900.

²²⁷ NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 07.04.1900.